ACS INTERNATIONAL SCHOOLS

Cobham Egham Hillingdon

ACS met een oogopslag

Drie skole, een onderrigstelsel van wêreldgehalte

'n Totaal van 2 300 studente tussen die ouderdomme van twee en 'n half en 18, afkomstig van 60 lande, wat 30 verskillende tale praat, is by drie ACS-kampusse in die Londen-omgewing in Engeland ingeskryf. American Community Schools is gebaseer op internasionale en Amerikaanse navorsing, beginsels en opvoedkundige praktyke en is daartoe verbind om die hoogste skolastiese en burgerskap-standaarde te handhaaf.

- Alle ACS-kampusse is International Baccalaureate (IB) World Schools wat die IB Diploma aanbied. ACS Egham is boonop een van net twee skole in die Verenigde Koninkryk wat ook die IB Primary Years Programme (3-11), en die IB Middle Years Programme (11-16) aanbied.
- Alle ACS-kampusse bied 'n tradisionele Amerikaanse hoërskooldiploma aan, terwyl ACS Cobham en ACS Hillingdon ook toonaangewende Advanced Placement (AP)-kursusse aanbied.
- Ons gekombineerde 2004-slaagsyfer van 95% vir die IB Diploma was ver bo die internasionale gemiddelde van 82%, en ons gemiddelde puntetelling van 33 vir die IB Diploma is ook beduidend beter as die internasionale gemiddelde van 30. Hierdie uitslae verseker dat ons onder die onafhanklike skole in die VK gereken word wat die beste presteer.
- ACS-gegradueerdes studeer aan topuniversiteite oral op aarde. Hieronder tel Cambridge, Imperial College London, London School of Economics en Oxford in die VK; Harvard, Princeton, Stanford en Yale in die VSA; en McGill, Stockholm School of Economics, Universiteit van Oslo, Delft University of Technology, Universiteit van Tokio, en Keio in die res van die wêreld.
- Ons word amptelik erken deur die New England Association for Schools and Colleges en goedgekeur deur die Independent Schools Association UK. ACS is ook lid van die Council of International Schools en die International Baccalaureate Organization.
- Klein klasgroottes vergemaklik veelvlakonderrig, akademiese uitdagings en 'n ingesteldheid op die leerpatrone van individuele studente.
- Eksterne deskundiges bied gereeld meesterklasse op ons kampusse as deel van ons Artist-in-Residence-program aan.
- Omvattende en gevarieerde buitemuurse klubs, sportsoorte en gemeenskapsdiensaktiwiteite, sowel plaaslik as internasionaal, moedig studente aan om aan die ryk skoollewespektrum deel te neem.
- Studente neem ook deel aan internasionale teaterkunsprogramme, mededingende sporttoernooie, en wiskunde-, letterkunde- en musiekkompetisies in die VK en elders in Europa.

Ondersteuning vir ons internasionale gemeenskappe

- English as an Additional Language (EAL) word in al ons skole aangebied.
- Moedertaalverrykingsprogramme word in die volgende tale aangebied: Deens, Duits, Fins, Frans, Hebreeus, Hindi, Japannees, Nederlands, Noorweegs, Oerdoe, Spaans, Sweeds, asook ander tale na gelang van behoefte.

Ultramoderne geriewe in imposante omgewings

- ACS gee die pas aan wat die gehalte van geriewe en skoolgronde betref.
- Elke kampus is rondom 'n ruim landgoed gebou, verder aangevul deur moderne, doelgeboude klaskamers, biblioteke, kafeterias en sportgeriewe.
- Laer-, Middel- en Hoërskole beskik oor spesiale rekenaarlokale, biblioteke, wetenskaplaboratoria en kunsateljees.
- Die organisasie se lewenskragtige ontwikkelings- en vernuwingsprogram het die afgelope tien jaar meer as £45 miljoen in kampusgeriewe belê.

'n Landelike leefwyse binne enkele minute van Londen af

- Die kampusse is suid-wes van Londen in die graafskappe Surrey en Middlesex geleë.
- Elke skool bedryf 'n omvattende deur-tot-deur-busdiens.
- Behuising in die omgewing van die kampus is 50% goedkoper as in buurte in sentraal-Londen.

Oorbruggings- en behuisingsondersteuning vir intrekkende families

- Goed gevestigde ouergemeenskappe bied omvattende ondersteuning en oorbruggingshulp vir intrekkende families.
- Toelatingsbeamptes is kundig wat sowel akademiese as hervestigingsvraagstukke betref.
- Behuisingsbeamptes op die perseel help families en hervestigingsagente om die ideale woning binne elke skool se uitgebreide busdienssone te vind.

ACS Cobham

- Geleë op 'n 128-akker terrein, 23 myl suid van sentraal-Londen.
- Gemengde skool met 1 250 ingeskrewe studente tussen die ouderdomme van twee en 'n half en 18.
- Akademiese programme sluit die International Baccalaureate Diploma, 'n tradisionele Amerikaanse Hoërskooldiploma, en Advanced Placement (AP)-kursusse in.
- Onder die top-sportgeriewe op die kampusterrein tel sokker- en rugbyvelde, sagtebal- en bofbalvierkante, 'n weervaste Olimpiese-grootte atletiekbaan, tennisbane, 'n gholfbaan met ses putjies, asook 'n nuwe Sportsentrum met 'n basketbal/vlugbalbaan, 25-meter kompetisieklas-swembad, dansateljee, fiksheidsuite en kafeteria.
- Gemengde koshuise met afsonderlike verblyfvleuels vir 110 studente tussen die ouderdomme van 12 (Graad 7) en 18 (Graad 12); ergonomies-ontwerpte tweepersoonskamers met en suite-geriewe en Internetverbindings.
- 'n Early Childhood Village-uitbreidingsprojek sal bykomende, doelgeboude klaskamers en kantoorruimte huisves.

ACS Egham

- Geleë op 'n 20-akker terrein, 25 myl suid-wes van sentraal-Londen.
- Gemengde skool met 500 ingeskrewe studente tussen die ouderdomme van twee en 'n half en 18.
- Akademiese programme sluit die International Baccalaureate (IB) Primary Years Programme (3-11), die IB Middle Years Programme (11-16), die IB Diploma (16-18) en 'n tradisionele Amerikaanse Hoërskooldiploma in.
- 'n Intieme kampus wat op individualiteit konsentreer.
- Puik onderrig-, sport en buitemuurse geriewe, wat binnekort deur 'n nuut toegeruste kafeteria en kombuis aangevul sal word.
- Bevorder aktiewe deelname aan 'n groot verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite, waaronder sport, drama, musiek, die visuele kunste en sowel plaaslike as internasionale gemeenskapsdiensprojekte.

ACS Hillington

- Geleë op 'n 11-akker terrein in 'n pragtige parklandskap, 15 myl wes van sentraal-Londen, met maklike moltreintoegang.
- Gemengde skool met 550 ingeskrewe studente tussen die ouderdomme van vier en 18.
- Akademiese programme sluit die International Baccalaureate Diploma, 'n tradisionele Amerikaanse Hoërskooldiploma, en Advanced Placement (AP)-kursusse in.
- Puik geriewe word gerugsteun deur 'n nuwe musieksentrum, volledig toegerus met 'n digitale opname-ateljee, repetisiekamers, oefenateljees en 'n rekenaarlaboratorium vir musiektegnologie.
- Die kampus beskik oor speelvelde, tennisbane en ruim speelplek, terwyl geriewe vir sokker, rugby, atletiek, bofbal, sagtebal, swem en gholf in die omgewing beskikbaar is.

Besoek gerus ons webtuiste by www.acs-england.co.uk vir nadere besonderhede, of kontak ons by:

ACS Cobham
Heywood
Portsmouth Road
Cobham, Surrey KT11 1BL
Tel: 01932 867 251
Fax: 01932 869 789
Email: CobhamAdmissions@acs-england.co.uk

ACS Egham
Woodlee
London Road (A30)
Egham, Surrey TW20 0HS
Tel: 01784 430 611
Fax: 01784 430 626
Email: EghamAdmissions@acs-england.co.uk

ACS Hillingdon
Hillingdon Court
108 Vine Lane Hillingdon
Middlesex UB10 0BE
Tel: 01895 818 402
Fax: 01895 818 404
Email: HillingdonAdmissions@acs-england.co.uk